DIE GESKENKE VAN DIE HEILIGE GEES [3] – GAWES

1 KOR 12:1 [NLV]

- EN NOU, LIEWE BROERS EN SUSTERS, KOM EK BY JULLE VOLGENDE NAVRAAG, NAAMLIK OOR DIE GAWES VAN DIE GEES. EK WIL HÊ JULLE MOET HIEROOR GOED INGELIG WEES SODAT JULLE HIERDIE GAWES REG SAL GEBRUIK.

1 KOR 12:4 [NLV]

- DAAR IS 'N HELE VERSKEIDENHEID GEESTELIKE GAWES, EN TOG KOM HULLE VAN DIESELFDE GEES. EN DAAR IS 'N HELE VERSKEIDENHEID BEDIENINGS, MAAR ONS DIEN DIESELFDE HERE. DAAR IS TALLE AKTIWITEITE IN DIE GEMEENTE, MAAR DIT IS DIESELFDE GOD WAT AL HIERDIE DINGE KRAGTIG IN ONS ALMAL AKTIVEER.

1 KOR 12:7-11 [NLV]

- ELKEEN VAN ONS ONTVANG 'N MANIFESTASIE VAN DIE GEES OM DIE GEMEENTE TE BEVOORDEEL.
- AAN DIE EEN GEE DIE GEES DIE BEKWAAMHEID OM WYSE RAAD TE GEE, AAN 'N ANDER GEE HY DIE GAWE VAN SPESIALE KENNIS.
- DIT IS EEN EN DIESELFDE GEES WAT AL HIERDIE GAWES BEWERK EN WAT AAN ELKEEN UITDEEL SOOS HY DIT GOEDVIND.
- AAN IEMAND ANDERS GEE HIERDIE SELFDE GEES 'N HEEL BESONDERE GELOOF, AAN NOG EEN GEE HY GAWES VAN GENESING, AAN 'N VOLGENDE EEN DIE VERMOË OM WONDERS TE VERRIG, AAN 'N ANDER DIE GAWE VAN PROFESIE, AAN NOG EEN DIE VERMOË OM TE ONDERSKEI TUSSEN GOD SE GEES EN ANDER GEESTE, AAN IEMAND ANDERS DIE GAWE VAN PRAAT IN TALE, AAN NOG EEN DIE BEKWAAMHEID OM DIE TALE UIT TE LÊ.

ROMEINE 12: 6-8

- "ONS HET GENADE GAWES WAT VAN MEKAAR VERSKIL VOLGENS DIE GENADE WAT GOD AAN ELKEEN VAN ONS GEGEE HET. AS DIT DIE GAWE VAN PROFESIE IS, LAAT ONS DIT GEBRUIK IN OOREENSTEMMING MET DIE GELOOF WAT ONS BELY.
- AS DIT IS OM TE DIEN LAAT ONS DIEN. AS DIT IS OM ONDERRIG TE GEE, LAAT ONS ONDERRRIG GEE. AS DIT IS OM MENSE TE BEMOEDIG, LAAT ONS HULLE BEMOEDIG.

1 KORINTIËRS 14:12 [NLV]

- 'SO MOET JULLE OOK, AS JULLE JULLE TOELÊ OP DIE GAWES VAN DIE GEES, DAAROP KONSENTREER OM UIT TE MUNT IN DIÉ GAWES WAT DIE GEMEENTE OPBOU.'

GAWES

- DIE GAWES HELP ONS OM GOD SE WIL OP AARDE TE LAAT GESKIED. DIT MAAK GOD SIGBAAR OP DIE AARDE.
- DIE GEES WERK IN ONS 'N LIEFDE EN 'N VERLANGE OM DEUR GOD GEBRUIK TE WORD OM SY KERK TE BOU.

1 KOR 14:2 [NLV]

- AS JY IN TALE PRAAT, RIG JY JOU NIE TOT MENSE NIE, MAAR TOT GOD, WANT MENSE SAL JOU NIE VERSTAAN NIE. DEUR DIE WERKING VAN DIE GEES PRAAT JY IMMERS DIEP EN ONBEGRYPLIKE DINGE.

1 KOR 14:4 [NLV]

- IEMAND WAT IN TALE PRAAT, WORD SELF GEESTELIK OPGEBOU, MAAR DIE PERSOON WAT PROFETEER, BOU DIE GEMEENTE OP.

1 KOR 14:5-9 [NLV]

- EK SOU BLY WEES AS JULLE ALMAL IN TALE PRAAT, MAAR NOG BLYER AS JULLE SOU PROFETEER. WANT OM TE PROFETEER, IS ’N BELANGRIKER EN NUTTIGER GAWE AS DIE SPREEK IN TALE, TENSY IEMAND SOU VERDUIDELIK WAT JY SÊ SODAT DIE GEMEENTE DAARDEUR OPGEBOU KAN WORD.
- LIEWE BROERS EN SUSTERS, SÊ NOU MAAR EK SOU NA JULLE TOE KOM EN EK PRAAT NET IN TALE, HOE SOU DIT VIR JULLE IETS KON BETEKEN? MAAR AS EK VIR JULLE ’N GODDELIKE OPENBARING OF ’N SPESIALE INSIG OF ’N PROFESIE SOU BRING, OF JULLE SOU IETS BESONDERS VAN MY LEER, DAN SOU DIT TOG SEKERLIK BAIE VIR JULLE BETEKEN.
- SELFS LEWELOSE MUSIEKINSTRUMENTE SOOS DIE FLUIT EN DIE HARP WYS VIR ONS HOE NOODSAAKLIK DIT IS OM IN VERSTAANBARE TAAL TE PRAAT.
- WANT AS DIE NOTE NIE DUIDELIK ONDERSKEIBAAR IS NIE, HOE SAL ONS HULLE MELODIE HERKEN? EN AS DIE TROMPET NIE ’N HELDER KLANK LAAT HOOR NIE, WATTER SOLDAAT SAL VIR DIE GEVEG GEREEDMAAK?
- DIESELFDE GELD VIR JULLE. AS JULLE IN ’N TAAL PRAAT WAARVAN ’N MENS NIE DIE WOORDE KAN ONDERSKEI NIE, HOE SAL IEMAND VERSTAAN WAT JULLE SÊ? JULLE SAL SOOS MENSE WEES WAT IN DIE WIND PRAAT.

1 KOR 14:18–19 [NLV]

- EK DANK GOD DAT EK MEER IN TALE PRAAT AS JULLE ALMAL.
- MAAR IN ’N BYEENKOMS VAN DIE GEMEENTE SAL EK LIEWER VYF VERSTAANBARE WOORDE PRAAT WAARUIT ANDER IETS KAN LEER AS TIENDUISEND IN ’N ONBEKENDE TAAL.

1 KOR 14:13-14 [NLV]

- DAAROM MOET ELKEEN WAT IN TALE PRAAT, OOK BID VIR DIE GAWE VAN VERDUIDELIKING. WANT WANNEER EK IN ’N TAAL BID, IS DIT MY GEES WAT BID, MAAR MY VERSTAND BLY ONAKTIEF.

1 KOR 12:31

- ”LÊ JULLE TOE OP DIE BESTE GENADE GAWE”

1 KORINTIËRS 14:3 [NLV]

- 'MAAR AS JY PROFETEER, BOU JOU WOORDE MENSE OP EN BEMOEDIG EN VERTROOS HULLE. '

OPENBARING 19:10

- 'TOE HET EK VOOR SY VOETE NEERGEVAL OM HOM TE AANBID. HY SÊ EGTER VIR MY: “OPPAS, MOENIE! EK IS NET JOU MEDEDIENSKNEG, EN VAN AL JOU MEDEGELOWIGES WAT GETUIENIS VAN HULLE GELOOF IN JESUS GELEWER HET. BUIG NEER IN AANBIDDING VOOR GOD! DIE KERN VAN DIE PROFESIE IS INDERDAAD OM VAN JESUS TE GETUIG.”'

LIEFDE

- DIE GAWES IS HOE ONS DIE LIEFDE ‘OPENBAAR’ AAN ANDER.